higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

PROJEKBESTUUR
NKR VLAK 3

XX Februarie 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Etiek
1.2 Oopdeurbeleid
1.3 Vaste
1.4 Projekplan
1.5 Sekuriteit
1.6 Konfrontasie
1.7 Fluitjieblaser
1.8 Gekraak
1.9 Bydraende Belanghebbende
1.10 Werksmagtiging

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 Onwaar
2.2 Onwaar
2.3 Waar
2.4 Onwaar
2.5 Waar
2.6 Waar
2.7 Onwaar
2.8 Waar
2.9 Onwaar
2.10 Onwaar

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 C
3.2 D
3.3 A
3.4 I
3.5 G
3.6 H
3.7 J
3.8 K
3.9 F
3.10 B

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 4

4.1
- Die projek handel oor verandering en het gedefinieerde uitkomste.
- Dit is afhanklik van betrokkenheid van belanghebbendes.
- Dit skep verandering.
- Die uitkoms kan tasbaar of ontasbaar wees.
- Dit kan van grootte wissel.
- Dit kan baie of min mense betrek. (Enige 5 × 1) (5)

4.2 **GANTT-KAART VIR LEË KUNSSEILDOEK KUNSPROJEK✓**

Aktiwiteite	Tydsduur			
	Week 1	Week 2	Week 3	Week 4✓
1. Evaluering van studente se talente en vaardighede ✓	✓			
2. Onderrig van verskeie kunstegnieke ✓		✓		
3. Studente vervaardig kunswerk ✓			✓	
4. Kunsuitstalling ✓				✓

(10)

4.3
- Inspeksie neem tyd..
- Die persoon wat die aflewerbare produkte kan ondersoek, kan iets mis.
- Een persoon se idee van aanvaarbare standaarde gaan nie dieselfde wees as iemand anders s'n nie.
- 'n Aflewerbare produk kan meer as een kundigheidsgebied bevat, en die persoon wat die inspeksie uitvoer is moontlik nie 'n kundige in alle gebiede nie. (Enige 3 × 1) (3)

4.4
- Alle verpligtinge gemaak aan die begin van die projek met betrekking tot gereelde kommunikasie en terugvoer aan belanghebbendes moet nagekom word, aangesien dit verseker dat belanghebbendes hul belangstelling in die projek behou.
- Belanghebbendes en hul belangstelling is baie belangrik vir die algehele sukses van die projek en moet dus as bates van die projek behandel word.
- Om verpligtinge na te kom en ope kommunikasie bou vertroue wat waardevol kan wees vir toekomstige projekte of nuwe geleenthede.

(Enige 2 × 2) (4)

4.5
- Almal is gelyk voor die wet en het die reg tot gelyke beskerming en voordeel van die wet.
- Niemand mag onregverdig teen gediskrimineer word gebaseer op ras, geslag, seks , swangerskap, huwelikstatus, ouderdom, taal, ensovoorts.
- Alle Suid-Afrikaners is gelyk in die oë van die wet en niemand verdien beter behandeling as iemand anders nie. (3)

4.6
- Projekbestuurder– Lucia Sithole hou toesig oor die Leë Kunsseildoek Kunsprojek totdat die doelwitte bereik is.
- Projekspanleier – Grace Palette; haar rol is om te lei en kommunikeer met di projekspan om te verseker dat die aflewerbare produk bereik word.
- Borge – Departement van Kuns en Kultuur, Business and Arts South Africa en die Standard Bank groep voorsien die finansies en magtig die gebruik van projekfondse.
- Verskeie skole – Hulle rol is om die Leë Kunsseildoek Kunsprojek te ontvang en hulle skedules aan te pas om genoegsame tyd vir die projek te toe te ken.
- Studente – Hulle neem deel aan die projek en hul vertoon hul talente en kreatiwiteit.
- Moontlike werkgewers – Woon die uitstallings by identifiseer talente wat hulle organisasie kan baat en werksgeleenthede kan bied. (Enige 2 × 2) (4)

4.7 R100 000 per skool (1)
[30]

VRAAG 5

5.1
- Voorspel
  Voorspel toekomstige gebeure (nie beplan of geskeduleer nie, maar moontlike gebeure)

- Beraming
  Voorspel die koste van beplande gebeure. Behels die bepaling van die boonste en onderste grense van die inligting wat ondersoek word. (2 × 2) (4)

5.2 5.2.1 Uurlikse tarief × Uur per dag × dae
R45 × 8 × 3✓
= R1 080✓
Tarief per verwer x hoeveelheid verwers
R1 080 × 5✓
= R5 400✓ (4)

5.2.2 Eenheid koste × hoeveelheid
R120 × 45✓
= R5 400✓ (2)

5.2.3 Verwers + verf
R5 400 + R5 400✓
= R10 800✓ (2)

5.3
- Tyd en geld word nie vermors om dokumente te skep wat niemand gaan gebruik nie.
- Die gebruik van bronne (papier) is beheer.
- Dit verwyder inligting moegheid.
- Goeie besluite word geneem op grond van bygewerkte inligting.
- Inligting/Dokumente is maklik bereikbaar.
- Inligting/Dokumente word veilig en vertroulik gehou.
- 'n Papierroete word gebou. (Enige 5 × 2) (10)

5.4
- Vestig duidelik gedefinieerde rolle: Lucia moet toesien dat elke spanlid die rol ken wat van hom/haar verwag word, so wel as die rolle van die ander spanlede.
- Handhaaf oop kommunikasiekanale: Sy moet oop en eerlike kommunikasiekanale tussen haarself en die span verseker, so wel as tussen spanlede.
- Ontwikkel 'n manier om konflik op te los: Lucia moet nie konflik ignoreer nie, maar eerder goeie konflikoplossing vaardighede met haar spanlede ontwikkel. Sy moet probeer om konflik so na as moontlik aan die bron op te los.
- Toon 'n positiewe houding: Spanne is geneig om die houding van die leie na te maak. Indien Lucia positief is, sal haar span haar houding aan neem.
- Vier prestasies as 'n span: Spangees ontwikkel wanneer suksesse as 'n span gevier word. (5)

5.5
- Breinkaarte
- Grondreëls
- Meester Skedule
- Netwerk/PERT diagramme
- Gantt-kaarte
- Fundamentele opsporingsvorms
- E-pos/Internet
- Desktop-kalendars
- Verander beheer stelsel
- Handves van rekeninge
- Mylpaalskedule
- WBS
- Sigblaaie
- Begrotingadministrasievorms
- Voorleggings

(Enige 3 × 1) (3)
[30]

QUESTION 6

6.1
- Begin: Formele erkenning dat die Leë Kunsseildoek Kunsprojek bestaan deur die missie en visie, doelwitte, en mylpale vir die projek te stig.
- Beplanning: Kies en ontwikkel die beste aksie om die doelstellings van die Leë Kunsseildoek Kunsprojek te bereik. Stel die projekplan op met al die elemente, insluitend skedule en hulpbronne (menslike hulpbronne ingesluit).
- Uitvoering (ook implementering): Dit behels die koördinering van alle hulpbronne om die doelwitte van die Leë Kunsseildoek Kunsprojek te bereik. Die werklike projekwerk begin.
- Monitering en beheer: Om te verseker dat die Leë Kunsseildoek Kunsprojek se doelwitte bereik word, moet vordering gereeld nagegaan word om afwyking te identifiseer. As ‘n afwyking geïdentifiseer word, moet Lucia regstellende stappe neem.
- Uitsluiting: Sodra die Leë Kunsseildoek Kunsprojek formeel voltooi is, word die dokumente oor geleerde lesse voltooi en die oorhandiging dokumente onderteken. (5 × 2) (10)

6.2
- Verstaan, beplan, en beheer van die werk.
- Stig ‘n gevoel van eienaarskap by elke spanlid se bydrae tot die projeksukses.
- Sorg dat die werk afgebreek word tot ‘n vlak waar die werkpakkette maklik te verstane is.
- Breek die werk af sodat dit moontlik is om die koste akkuraat te skat.
- Breek die werk af sodat dit maklik geskeduleer kan word en by die interafhanklikheid daarvan met ander werkpakkette gepas kan word.
- Sorg dat die projek so vroeg as moontlik begin. (Enige 3 × 1) (3)

6.3
- Dit is een van die vereistes van die sluitingsfase van enige projek.
- Lucia en die span moet leer uit hul prestasies en foute.
- Lucia en die span kan aanbevelings voorstel maak gebaseer op hul verwagtinge
- Dit span help met die beplanning van toekomstige projekte. (Enige 2 × 2) (4)

6.4
- Struktuur: Daar kan verskille wees in persoonlikhede en fisiek hindernisse wat die vloei van kommunikasie voorkom en die span van mekaar skei.
- Spandoelwitte: Spanne moet saam besluit op die doelwitte aan die begin van die projek want hulle sal meer geneig wees om hard te werk om daardie doelwitte te bereik as hulle in die besluitnemingsproses ingesluit word.
- Prioriteite: As spanlede verskillende doelwitte het sal hul verskillende prioriteite hê (beïnvloed hul toewyding aan die doelwit).
- Rolle: Spanlede wat nie seker is van hul werk of rolle nie, skep ongesonde spandinamika – situasies kan gebeur waar sommige spanlede voel dat ‘n persoon nie sy/haar werk doen nie, of nie genoeg werk in vergelyking met die werkslading nie.
- Formaliteit: Die vlak van formaliteit (formeel/ontspanne) moet bespreek word aan die begin van die projek.
- Kommunikasiekanale: Kommunikasiekanale moet duidelik en oop wees ten alle tye. Kommunikasie moet vrylik plaasvind.
- Buigsaamheid: Buigbare spanne sal aanpas en vergunnings maak vir die persoonlike verpligtinge van die spanlede.
- Samehorigheid: Die span moet verantwoordelikheid deel wanneer dinge verkeerd gaan en belonings deel wanneer dit goed gaan.
- Vaardigheidsvlakke: ‘n Span met goeie dinamika sal waarskynlik mense aanstel om take te doen waarvoor hul die nodige vaardighede het.
- Vertroue: Lede moet hul spanmaats vertrou en ewe hard werk om die projekdoelwitte te bereik.
- Konflik: Konflik is onvermydelik, maar die span sal slegs ‘n sukses wees indien hul leer hoe om konflik effektief te hanteer. (Enige 5 × 2) (10)

6.5
- Toekennings
- Pryse
- Openbare toekennings
- Verslae geliasseer in de personeellêer van die spanlede. (Enige 3 × 1) (3)

[30]

QUESTION 7

7.1

- Goeie kommunikator: Goeie kommunikasievaardighede beteken dat Lucia kan verseker dat elke lid van die eenheid die inligting wat weergegee word in verskillende vorms van kommunikasie, verstaan en korrek interpreteer.
- Integriteit: Lucia se gedrag stel die toon vir al die personeel. Indien sy integriteit toon, sal sy hul vertroue en gewilligheid kry om te werk.
- Entoesiasme: Lucia moet positief en entoesiasties wees sodat sy gerespekteer sal word deur haar personeel.
- Bevoegdheid: Lucia moet ‘n deeglike kennis hê van wat sy doen.
- Vermoë om take te delegeer: As ‘n goeie bestuurder, moet Lucia haar werkers vertrou en hierdie vertroue toon deur hul toe te laat om verantwoordelik te wees met die take wat aan hulle gedelegeer is.
- Koel onder druk: Lucia moet nie reageer op stres waar dit haar personeel kan ontstel nie. Sy moet altyd kalm bly.
- Probleemoplossingsvaardighede: Lucia moet persoonlike probleemoplossingsvaardighede toon, sowel as haar spanlede aanmoedig om by te dra tot probleemoplossing. (Enige 5 × 2) (10)

7.2

PROJEKBESTUUR	ALGEMENE BESTUUR
Skep ‘n verandering in omstandighede	Bestuur effektief en bou op ‘n stabiele werksplek
Gebruik hulpbronne wat slegs vir die projek beskikbaar is	Gebruik vaste hulpbronne
Werk op ‘n bepaalde tydskaal met ‘n bepaalde einddatum	Werk deurlopend sonder bepaalde einddatum
Skep ‘n unieke resultaat	Handhaaf en ontwikkel deurlopende resultate
Span is slegs bymekaar gebring vir die projek	Bestuur personeel op ‘n deurlopende basis
Motiveer die span en belanghebbendes	Motiveer personeel en belanghebbendes
Onderhandel effektiewe oplossings vir die projek se konflik	Onderhandel effektiewe oplossings vir die onderneming se konflik

(Enige 6 × 1) (6)

7.3
- Gee terugvoer
  Alle spanlede moet gemaklik voel om terugvoer te gee aan ander lede te gee oor enigiets wat die spandinamika kan verander.
- Ondersteuning
  Spanlede moet ondersteun voel deur die res van die span.
- Luister
  Lucia moet sorg dat almal in die span voel dat daar na hulle geluister word. Sy moet uitstekende luistervaardighede hê.
- Raadpleging
  Lucia moet op ‘n gereelde basis die span raadpleeg.
- Bespreking
  Wanneer spanlede hul gevoelens bespreek, kan probleme en uitdagings opgelos word.
- Omhels diversiteit
  Almal in die span moet aanvaar voel ongeag wie hulle is.
- Onderhandeling
  Onderhandeling en kompromie is noodsaaklik in enige spansituasie. Die span moet die middel grond kan vind en ‘n konsensus bereik. (Enige 6 × 1) (6)

7.4 Leiers
‘n Leier skep ‘n inspirerende visie vir die toekoms en motiveer en inspireer mense om met daardie hulself by daardie visie te betrek. Leier inspireer ander om self te lei of om ander individue te lei. Die leier in die gevallestudie is Grace Palette.
Bestuurders
Bestuurders is mense in beheer. Hul koördineer mense se pogings en ken hulpbronne toe om doeltreffendheid te vermeeder om geïdentifiseerde uitkomste te bereik. Die bestuurder is die persoon wat verantwoordelik is vir beplanning, beheer, leiding, organisering, en besluitneming. Die bestuurder in hierdie projek is Lucia Sithole. (2 × 2) (4)

7.5.1
- ‘n Situasie waarin die bekommernisse of doelwitte van twee verskillende partye onversoenbaar is.
- Lucia en haar span moet niks doen wat hul persoonlike/individuele belange in konflik bring met hul pligte op die projek nie.
- Indien ‘n spanlid iemand ken wat ‘n moontlike bate of verskaffer vir die projek kan wees, moet hy/sy Lucia daarvan inlig.

(Enige 2 × 1)

7.5.2
- Die wet gehoorsaam. Voldoen aan reëls soos spesifikasies, standaarde of wetgewing.
- Die deel van gedragskode moet sê dat geen spanlid onder enige omstandighede die wet mag oortree nie.
- Daar word ook van spanlede verwag om ander wetgewings te gehoorsaam, byvoorbeeld bedryfstandaarde (Enige 2 × 1)

(2 × 2) (4)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg Voorbehou